

SPOG IN JOU EIE ONTWERPERSROK



Sukkel jy om 'n rok na jou sin vir die matriekafskeid te kry? Maak dan self iets, soos dié elegante uitrusting wat **SIMON RADEMAN** vir ons lesers ontwerp het. Hy wys jou ook hoe om met fyn bandjies jou skouers pragtig te laat lyk. Saamgestel deur **Sandra Bodenstein**



Hoe minder, hoe beter – dit is die leuse vir vanjaar se aandmodes. Daarom is dié patroon ideaal vir uitgaan-aande. Die eenvoudige slooprok kan met die regte skouerdetail en die regte passing die meeste figuurprobleme verdoesel.

ALGEMENE AANWYSINGS

FLUWEEL: Stryk dit net met stoomtoestel **MET** fluweelborseltjie aan. Al die pante moet in dieselfde rigting uitgelê word. Probeer om fluweel nie los te torring nie – dit kan merke laat.

- Die rok is gevoer sodat dit netjies pas.
- Die patroon is ontwerp om te pas vir 'n vol nr. 34 – bors 96 cm en heupe 101 cm. Lengte van rok is 144 cm.
- Geen naattoelating is bygereken nie; knip dus nate en some aan volgens dié riglyne: Knip 4 cm by waar ritssluiters ingesit gaan word. Knip by nate 1,5 cm, some 4 cm en borslyn 0,5 cm aan.
- Pas rok lengte aan soos verkies.
- Pas patroondele op mekaar, RK teen mekaar, wanneer nate gestik word.
- Ons het die rok van fluweel gemaak, maar jy kan enige kledingstof gebruik wat vir jou mooi is en jou sak pas.
- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Gebruik blokpatroonpapier – blokkies = 2 x 2 cm – om diagramme op te vergroot. Maak só jou eie papierpatrone.

Merk patroonbuitelyn op blokke met kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Elke vel blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.

AFKORTINGS

AP = agterpant; MA = middel agter; MV = middel voor; RK = regte kant; VK = verkeerde kant.

JY BENODIG

- As kledingstof 115 cm breed is:
 - vir bors- of heupmaat van 94 cm of kleiner: 1 x lengte van rok + 25 cm vir nate, some en skouerbandjies.
 - vir bors- of heupmaat groter as 94 cm: 2 x lengte van rok + 10 cm vir nate en some. Die skouerbandjies kan van die res van die kledingstof gemaak word.
- As kledingstof 150 cm breed is: 1 x rok lengte + 5 cm vir naattoelatings en some.
- Voering: 1 x die lengte + 5 cm vir die nate en some.
- Ritssluiters: 55 cm – net nodig by stywe passing.
- Vilene.
- 48 cm rek, 1,5 cm breed. Gebruik net bo by agterpante as Vilene en pylinate nie gebruik word nie.
- 1,8 m baleine. Gebruik net op pylinate as daar van stywe passing gebruik gemaak word en skouerbandjies nie gebruik gaan word nie.

MAAK SÓ

- Net MV-pant word op vou van kledingstof uitgeknipt. As kledingstof motiewe, strepe of enige patrone op het, maak seker dat dit reg gevou is en patrone op voltooide rok nie steurend sal wees nie.
- Besluit eers op watter een van die vyf nate die rokspleet gaan wees. Die klassieke en meer



Krom of hangskouers



Smal skouers

Normale skouers



Knopperige skouers

Agterkant van rok

tydlose keuse sou in middel agter wees. Merk dit, knip Vilene 5 cm langer as wat spleet gaan wees en stryk dit aan voering op regte plekke vas.

- Knip nodige belegsels uit Vilene en stryk dit aan voering vas. As jy rek gaan gebruik vir agterste passing, is dit nie nodig om Vilene ook agter te gebruik nie.

- Stik vertikale nate van rok toe. Stryk dit netjies plat.

- Speld bandjies vas waar dit die beste lyk. Speld rok aan voering vas by borslyn en stik vas. Dun naattoelating uit en dop om. Ryg kledingstof naby stiklyn plat – gebruik gerus onderstiksel of bo-opstiksel om bandjies te verstewig en borslyn mooi af te rond.

- Stik rek op agterpant in lopies vas.

WENKE

- As die rok presies moet pas en jy miskien nie die bandjies gebruik nie, moet die ritssluiters by MA ingesit word. Werk ook 'n hakie en ogie bo-aan die ritssluiters vas. Stik ook baleine op die voering se agterste pylinate en nate wat oor die borspunte loop voor dit aan die rok vasgewerk word.

SKOUEBANDJIES

Die manier waarop die skouerbandjies vasgewerk word, kan jou skouers op hul mooiste laat lyk. Met die bandjies verplaas jy die fokuspunt en verdoesel sō jou knopperige, krom af smal skouers.

Vanjaar speel fluweel 'n groot rol op die modetoneel. Maak dus gerus vir jou iets daarvan, soos dié lyfkous en gilet – hulle sal staatmakers word! Deur Riana van der Merwe

Regs: Lyk dié winter verruklik in vleiende fluweel.

VOU JOU TOE IN FLUWEEL



foto MARIAM GILLAN; model TANIA van HEADS

MATE

Die lyfkous en gilet sal pas vir borsmaat 87 cm, middel 67 cm, heup 92 cm en ruglengte 41,5 cm.

ALGEMENE AANWYSINGS

- Naattoelatings is deurgaans 1,5 cm.
- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Pas pante met RK teen mekaar wanneer nate gestik word.
- Trek insetsels van lyfkous as afsonderlike patroondele na.
- Gebruik blokpatroonpapier – blokkies = 2 x 2 cm – om diagramme op te vergroot. Maak só jou eie papierpatrone. Merk patroonbuite-lyn op blokke met kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Elke vel blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.

AFKORTINGS

VP = voorpant; AP = agterpant; MA = middel agter; MV = middel voor; RK = regte kant; VK = verkeerde kant.

LYFKOUS

JY BENODIG

1,5 m veloor of velvetien – rekbare fluweel, 150 cm breed, of 2,4 m en 115 cm breed; 2 m rek, sowat 1 cm breed; 30 x 20 cm-stuk bypassende T-hempstof; 10 cm-strokie met hakies en ogies of drukknopies.

MAAK SÓ

- Vergroot patrone op patroonpapier, lê uit op kledingstof en knip uit. Let wel: Bokante van pante moet almal in dieselfde rigting wys.
- Vou boonste randjie van insetsels om en werk op VP en AP vas. Werk strokie met hakies of drukknopies aan punt vas.
- Stik skouer- en synate toe. Stik ook moue se nate toe. Maak rygsel 1,5 cm van rand af op moukop. Trek effens in en pas moukop in mousgat. Stik vas. Herhaal met ander mou.
- Vou kraag met kort sye op mekaar en stik toe. Pas lang sye op mekaar sodat 'n dubbele sirkel vorm. Pas kraag in halsopening. Stik vas.
- Stik rek in broekspye vas met omkapmasjien. Vou om en stik met dubbelnaald.
- Soom moue.

GILET

JY BENODIG

1 m veloor, velvetien of fluweel, 150 cm breed, of 2 m en 115 cm breed; 1 m fluweellint.

MAAK SÓ

- Vergroot patroondele en knip uit.
- Stik skouernate toe. Stik synate net tot by kolletjie toe.
- Werk rafelrande om hals, by mousgate, by splete en soom af. Vou 1 cm-soompies om na VK en stik met dubbelnaald vas. Werk lint op kruis by MV vas. Knip punte van lint skuins af sodat dit nie uitrafel nie.

Die stik- en omkapwerk is gedoen op die ELNA 6000-rekenaarnaaimasjien en die PRO-reeks se 4DC-rekenaaromkapmasjien. Vir professionele afronding is dit nodig om deurgaans naaimasjiene van hoë gehalte te gebruik. ELNA het dit vir ons moontlik gemaak. Bel Sue Crawford by (011) 792-4900 vir nadere besonderhede.

FLUWEELFEITE

Fluweel is menige vrou se gunsteling, maar baie voel onseker oor die hantering daarvan. Dit kan ook verwarring veroorsaak omdat daar verskillende soorte fluweelstowwe is. Sorg net dat jy weet met watter soort jy te doen het om probleme uit te skakel. Vroeër is fluweel van sy of wol gemaak en dit was baie duur. 'n Mens kry steeds dié soorte; dit is baie sag en blink en het 'n lang pool – die deeltjies wat regop staan.

Vandag word fluweel van katoen, rayon, poliëster en baie ander mengsels van verskillende stowwe gemaak.

Gewone fluweel het 'n geweefde basis en is nie rekbaar nie. 'n Mens kan baadjies en rokke daarvan maak. Dit het 'n langer pool as katoenfluweel of velvetien. Die pool is in een rigting gepars – die stof vertoon dus blinker in die een rigting as in die ander. Dit is raadzaam om klere wat van dié stowwe gemaak is liewer te laat droogskoonmaak. Fluweel vorm maklik blink kolle op die rug en sitvlak.

Gekreukelde fluweel is ook gewone fluweel waarvan die poollengtes verskil sodat dit 'n gekreukelde voorkoms het. Dit maak nie maklik blink kolle nie en is beter geskik om te dra as jy taamlik baie gaan sit.

Katoenfluweel het 'n kort pool en dit is makliker om mee te werk. Krimp dit vooraf. Dit kan met die hand gewas word en is ook geskik om rokke, baadjies en langbroeke van te maak.

Velvetien is 'n dunner stof en het gewoonlik 'n gebreide basis. Dit is dus rekbaar en geskik om styfpassende kledingstukke van te maak. Die pool lê ook in een rigting en dit is wasbaar.

Die knip van fluweelstowwe

Dit is uiters belangrik dat die pool op al die pante van jou kledingstuk in dieselfde rigting lê – gewoonlik na onder. As jy dit nie doen nie, sal party pante blinker en ligter as ander pante lyk.

Maar as jy avontuurlustig is, kan jy spesiale trefkrag skep deur die poolrigtings af te wissel.

Die stik van fluweelstowwe

Fluweel stik moeilik, veral as die pool lank is. Die lae is geneig om te skuif en veroorsaak dat die punte van jou nate ongelyk is.

'n Stapvoetjie of rolvoetjie kan sake aansienlik vergemaklik. Die meeste naaimasjienhandelaars verkoop dié voetjies – vra jou handelaar om die regte een vir jou naaimasjien. Die stapvoetjie kos sowat R60-R80 en die rolvoetjie 'n bietjie minder.

Die stryk van fluweel

Die meeste fluweelstowwe kan nie gestryk word nie. Stoom dit met 'n liggewigstoomtoestel met die fluweelborseltjie aan.

Tussenvoeringstowwe

Gebruik die soort wat nie vasstryk nie, of stryk die tussenvoeringstof aan die voering van die kledingstuk vas.

BESTEL PATROONPAPIER

Teken jou eie patrone na volgens diagramme op blokpatroonpapier. Elke blokkie is 2 x 2 cm. Plaas die patroonbuite-lyn met behulp van kolletjies en verbind dan met 'n soliede lyn. Elke pakpervel is 73 x 98 cm groot.

ROOI ROSE/Patroonpapier-aanbod

Stuur asseblief vir my pak(ke) patroonpapier teen R5 per pak – BTW, posgeld en verpakking ingesluit. Elke pak bevat 5 velle blokpatroonpapier.

Totale bedrag R
Ek sluit my tjek/posorder in, uitgeskryf aan ROOI ROSE.
Geen kontant asseblief.

Naam

Adres

..... Kode

Tel. (h) (w)

Pos aan: ROOI ROSE/Patroonpapier-aanbod, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.
Aflewering geskied binne ses weke.




DIAGRAMME VIR
ONTWERPERSROK
1 blokkie = 4 x 4 cm

